
Voorwoord

Vroeër vanjaar het een van die bekendste en gereeldste medewerkers van *Lexikos*, prof. H.E. Wiegand, 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Namens al die lesers van *Lexikos*, wil die redakteur hom gelukwens met hierdie erkenning van sy bydrae op die gebied van die metaleksikografie.

Die redakteur wil graag al die skrywers bedank vir hul bydraes tot *Lexikos*. Hy waardeer die geduld van diegene wat 'n aansienlike tyd moes wag vir hul artikels om gepubliseer te word. Aan dié lesers wat nog nie 'n bydrae tot *Lexikos* gemaak het nie, wil die redakteur 'n uitnodiging rig om hul pogings voor te lê. *Lexikos* lewer deurlopende terugvoer aan minder ervare skrywers met die oog op die verbetering van hul artikels totdat hulle geskik geag word vir beoordeling deur die keurders.

'n Woord van dank moet ook gaan aan al die keurders wat so onbaatsugtig artikels vir hierdie uitgawe van *Lexikos*, dikwels op kort kennisgewing, beoordeel het. Hul bydrae is onontbeerlik vir die handhawing van die gehalte van *Lexikos*. Dit is vir die redakteur aangenaam om twee nuwe lede op die Redaksiekomitee te verwelkom, prof. H.M. Batibo en dr. P.A. Louw, wat albei alreeds by verskeie geleenthede hulleself as skerpsinnige beoordelaars getoon het.

Soos met vorige uitgawes het me. Riette Ruthven haarself weer eens as onmisbaar bewys met die bedrewe en oordeelkundige set van al die artikels, waarvan die meeste deur verskeie stadiums gegaan het. Me. Tanja Harteveld moet weer bedank word vir die oplossing van talle rekenaarprobleme en -haakplekke.

Die redakteur wil graag die hoop uitspreek dat almal die lees van vanjaar se uitgawe van *Lexikos* lonend sal vind.

J.C.M.D. du Plessis
Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal

Foreword

Earlier this year, one of the most noted and regular contributors to *Lexikos*, Prof. H.E. Wiegand, received an honorary doctorate from the University of Stellenbosch. On behalf of all the readers of *Lexikos*, the editor wants to congratulate him on this recognition of his contribution to the field of metalexigraphy.

The editor wishes to thank all writers for their contributions to *Lexikos*. He appreciates the patience of those who had to wait a considerable time for their articles to be published. To those readers who have not yet made a contribution to *Lexikos*, the editor wants to extend an invitation to submit their efforts. *Lexikos* offers continuous feedback to less experienced writers with a view to improving their articles until they are deemed suitable to be judged by the referees.

A word of thanks must also be offered to all the referees who so unstintingly, often at short notice, evaluated articles for this issue of *Lexikos*. Their contribution is vital to upholding the quality of *Lexikos*. The editor has the pleasure of welcoming two new members to the Editorial Board, Prof. H.M. Batibo and Dr P.A. Louw, both of whom have already on several occasions showed themselves discerning referees.

As with past issues, Ms Riette Ruthven once more proved herself invaluable in expertly and discriminatingly typesetting all the articles, most of them going through several versions. Ms Tanja Harteveld must again be thanked for solving numerous computational problems and hitches.

The editor wishes to express the hope that this year's issue of *Lexikos* will be found a rewarding read by all.

J.C.M.D. du Plessis
Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal